



# **basic education**

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**MUSIEK V1**

**NOVEMBER 2015**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 120**

**Hierdie memorandum bestaan uit 36 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings, naamlik AFDELING A, B, C, D en E.
2. AFDELING A en B is verpligtend.
3. AFDELING C: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM), AFDELING D: JAZZ en AFDELING E: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM) is keusevrae. Beantwoord slegs EEN van hierdie afdelings (AFDELING C of D of E).
4. Skryf al die musieknotasie in AFDELING A met potlood en al die geskreve teks met blou of swart ink op hierdie vraestel.
5. Beantwoord AFDELING B en AFDELING C of D of E met blou of swart ink in die ANTWOORDEBOEK wat voorsien is.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk bedoel is. Kandidate mag hierdie bladsy verwijder.
8. Kandidate mag vir die duur van hierdie eksamen NIE toegang tot enige musiekinstrument hê NIE.
9. Skryf netjies en leesbaar.

**NASIENROOSTER**

<b>AFDELING</b>	<b>VRAAG</b>	<b>PUNTE</b>	<b>NASIENER</b>	<b>MODERATOR</b>
<b>A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND)</b>	1	20		
	2	15		
	3	10		
	4	15		
<b>SUBTOTAAL</b>		<b>60</b>		

**EN**

<b>B: ALGEMEEN (VERPLIGTEND)</b>	5	20		
<b>SUBTOTAAL</b>		<b>20</b>		

**EN**

<b>C: WKM</b>	6	10		
	7	5		
	8	5		
	9	5		
	10	15		
<b>SUBTOTAAL</b>		<b>40</b>		

**OF**

<b>D: JAZZ</b>	11	10		
	12	5		
	13	5		
	14	5		
	15	15		
<b>SUBTOTAAL</b>		<b>40</b>		

**OF**

<b>E: IAM</b>	16	10		
	17	5		
	18	5		
	19	5		
	20	15		
<b>SUBTOTAAL</b>		<b>40</b>		

<b>GROOTTOTAAL</b>	<b>120</b>		
--------------------	------------	--	--

**AFDELING A: MUSIEKTEORIE (VERPLIGTEND)****(90 minute)**

**Beantwoord VRAAG 1  
EN VRAAG 2.1 OF 2.2  
EN VRAAG 3.1 OF 3.2  
EN VRAAG 4.1 OF 4.2.**

Beantwoord die vrae in die spasies wat op hierdie vraestel voorsien is.

**VRAAG 1****(25 minute)**

Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**CHARLIE IS MY DARLING**

- 1.1 Benoem die hooftoonsoort van hierdie stuk.

**Antwoord:**

C mineur

**C mineur = 1 punt**

(1)

- 1.2 Benoem die intervalle by **1.2.1** en **1.2.2** volgens tipe en afstand, byvoorbeeld Volmaakte/Rein  $5^{\text{de}}$ .

**Antwoord:**

1.2.1: Majeur  $2^{\text{de}}$

1.2.2: Majeur  $6^{\text{de}}$

<i>Majeur <math>2^{\text{de}}</math></i>	= 1 punt
<i>Majeur <math>6^{\text{de}}</math></i>	= 1 punt
(Geen punt vir slegs $2^{\text{de}}$ of $6^{\text{de}}$ )	

(2)

- 1.3 Benoem die drielanke by **1.3.1** en **1.3.2** volgens tipe en omkering, byvoorbeeld Majeur, tweede omkering. (Oorweeg slegs die note in die blokkie.)

**Antwoord:**

1.3.1 Mineur – eerste omkering

1.3.2 Verminderd – eerste omkering

<i>Mineur</i>	= $\frac{1}{2}$ punt
<i>Eerste omkering</i>	= $\frac{1}{2}$ punt
<i>Verminderd</i>	= $\frac{1}{2}$ punt
<i>Eerste omkering</i>	= $\frac{1}{2}$ punt


(2)

- 1.4 Omkring die laaste VIER note (tetrachord) van 'n opgaande melodiese mineurtoonleer op die partituur.

**Antwoord:**

Maat 5 of 6

of



<i>Enige korrekte antwoord</i>	= 1 punt
--------------------------------	----------

(1)

- 1.5 Transponeer maat 2 van die soloparty 'n majeur tweede hoër. Voeg 'n nuwe toonsoortteken by.

**Antwoord:**




<i>Korrekte toonsoortteken</i>	= 1 punt
<i>Notasie</i>	= $\frac{1}{2}$ punt per pols
<i>Indien toonsoortteken foutief is,</i>	= 2 punte
<i>maar klank van transposisie is korrek (geen enharmoniek)</i>	= 2 punte

(3)

- 1.6 Transkribeer maat 3 van die basparty vir altviool op dieselfde toonhoogte. Gebruik die korrekte sleutel.

**Antwoord:**



Korrekte sleutel	= 1 punt
Korrekte toonsoortteken	= 1 punt
Transkripsie	= 1 punt

*(Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 1 punt)*

(3)

- 1.7 Herskryf maat 4 van die soloparty, maar verdubbel die nootwaardes. Voeg 'n nuwe tydmaatteken by.

**Antwoord:**



Tydmaatteken = 1 punt
-----------------------

Nootwaardes = 2 punte
-----------------------

*(Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte)*

*Indien geen toonsoortteken, geen penalisasie*

(3)

- 1.8 Voeg VIER note by die volgende om 'n Doriese modus te vorm:

**Antwoord:**



Notasie = 1 punt
------------------

Ritme = 1 punt
----------------

*(Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte)*

(2)

- 1.9 Skryf 'n opgaande sekwens van die gegewe melodiese fragment.

**Antwoord:**



Sekwens = 2 punte
-------------------

Die sekwens kan op enige toonhoogte hoër as C begin
---

*(Minus ½ punt as die sekwens korrek is, maar dalend geskryf is)*

*(Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte)*

(2)

- 1.10 Verander die laaste akkoord van hierdie uittreksel op die partituur om 'n tierce de Picardie (majeurakkoord) te vorm.

**Antwoord:**



*E-herstel = 1 punt*

(1)  
[20]

**VRAAG 2****(25 minute)****Beantwoord VRAAG 2.1 OF VRAAG 2.2.**

- 2.1 Voltooи die aanvangsmotief hieronder om 'n twaalfmaatmelodie in drieledige vorm vir enige enkellyn- melodiese instrument van jou keuse te skep. Noem die instrument waarvoor jy skryf. Dui die tempo aan en voeg dinamiek- en artikulasietekens by.

**Konsepantwoord:**

Instrument: Kitaar/Saksofoon/Klarinet/Trompet

**A**

A: *mf*

Onvoltooide kadens in A  
Voltooide kadens in A/relatiewe mineur

**B**

**A/E/F#/D:**

Voltooide kadens in relatiewe mineur  
Onvoltooide kadens in A

**A**

A:

Voltooide kadens in A

Die antwoord sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

**Vir merker:**

- Solfa-notasie sal nie aanvaar word nie.
- Indien vorm ABC in plaas van ABA is = minus 1 punt (vorm)
- Indien alle kadense foutief is, maar vorm is redelik sigbaar = maksimum 1 punt (vorm)

BESKRYWING	PUNTETOEKENNING			KANDIDAAT SE PUNTE
<b>Vorm en kadenspunte</b>	<i>1 punt per frase x 3</i>		3	
<b>Korrektheid</b> Nootstele, polse per maat, toevallige tekens, spasiëring, uitleg	<i>Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte</i>		2	
<b>Kwaliteit</b> - Kwaliteit van melodie en toepaslikheid vir gekose instrument - Toepaslikheid van dinamiek- en artikulasie-aanduidings – verhoog die gehalte van die antwoorde - Musikaliteit	9–10	<b><i>Uitstekend</i></b> <i>Sinvol en musikaal; vindingryke kadense definieer vorm; aanvangsmotief oorspronklik voortgesit; tonaliteit suksesvol gebruik; melodiese kontoer meesterlik hanteer; kreatiewe benadering tot keuse van toonhoogte en ritme</i>	10	
	7–8	<b><i>Goed</i></b> <i>Korrekt en musikaal; kadense dui die vorm duidelik aan; aanvangsmotief sinvol voortgesit; stabiele tonaliteit; melodiese kontoer bevredigend; keuse van toonhoogte en ritme akkuraat</i>		
	4–6	<b><i>Gemiddeld</i></b> <i>Musikaliteit nie oortuigend nie; nie al die kadense duidelik nie; aanvangsmotief nie goed gebruik nie; tonaliteit onstabiel; melodiese kontoer verdag; keuse van toonhoogte en ritme verbeeldingloos</i>		
	0–3	<b><i>Onaanvaarbaar</i></b> <i>Geen musikale sin nie; geen sin vir kadense nie; aanvangsmotief geïgnoreer; geen sin vir tonale sentrum nie; geen melodiese kontoer nie; toonhoogte en ritme willekeurig</i>		
<b>TOTAAL</b>	<i>Nasierers mag ½ punte gebruik</i>			<b>15</b>

[15]

**OF**

- 2.2 Voltooи die aanvangsmotief hieronder om 'n twaalfmaatmelodie in drieledige vorm vir enige enkellyn- melodiese instrument van jou keuse te skep. Noem die instrument waarvoor jy skryf. Dui die tempo aan en voeg dinamiek- en artikulasietekens by.

**Konsepantwoord:**

Instrument: Tromboon/Fagot/Baskitaar

A

C: *mp*

Onvoltooide kadens in C  
Voltooide kadens in C/relatiewe majeur

B

c/g/E♭:

Voltooide kadens in relatiewe majeur  
Onvoltooide kadens in C

A

C:

Voltooide kadens in C

Die antwoord sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

*Vir merker:*

- Solfa-notasie sal nie aanvaar word nie.
- Indien vorm ABC in plaas van ABA is = minus 1 punt (vorm).
- Indien alle kadense foutief is, maar vorm is redelik sigbaar = maksimum 1 punt (vorm).

BESKRYWING	PUNTETOEKENNING		KANDIDAAT SE PUNTE
<b>Vorm en kadenspunte</b>	<i>1 punt per frase x 3</i>		3
<b>Korrektheid</b> Nootstele, polse per maat, toevallige tekens, spasiëring, uitleg	<i>Minus ½ punt per fout tot 'n maksimum van 2 punte</i>		2
<b>Kwaliteit</b> - Kwaliteit van melodie en toepaslikheid vir gekose instrument - Toepaslikheid van dinamiek- en artikulasie-aanduidings – verhoog die gehalte van die antwoorde - Musikaliteit	9–10	<b><i>Uitstekend</i></b> <i>Sinvol en musikaal; vindingryke kadense definieer vorm; aanvangsmotief oorspronklik voortgesit; tonaliteit suksesvol gebruik; melodiese kontoer meesterlik hanteer; kreatiewe benadering tot keuse van toonhoogte en ritme</i>	10
	7–8	<b><i>Goed</i></b> <i>Korrekt en musikaal; kadense dui die vorm duidelik aan; aanvangsmotief sinvol voortgesit; stabiele tonaliteit; melodiese kontoer bevredigend; keuse van toonhoogte en ritme akkuraat</i>	
	4–6	<b><i>Gemiddeld</i></b> <i>Musikaliteit nie oortuigend nie; nie al die kadense duidelik nie; aanvangsmotief nie goed gebruik nie; tonaliteit onstabiel; melodiese kontoer verdag; keuse van toonhoogte en ritme verbeeldingloos</i>	
	0–3	<b><i>Onaanvaarbaar</i></b> <i>Geen musikale sin nie; geen sin vir kadense nie; aanvangsmotief geïgnoreer; geen sin vir tonale sentrum nie; geen melodiese kontoer nie; toonhoogte en ritme willekeurig</i>	
<b>TOTAAL</b>	<i>Nasierers mag ½ punte gebruik</i>		<b>15</b>

[15]

VRAAG 3

**(10 minute)**

## **Beantwoord VRAAG 3.1 OF VRAAG 3.2.**

- 3.1 Bestudeer die *Koraal* van JS Bach hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

## **Antwoord:**

# Koraal

**Voorbeeld:**

The musical score consists of three systems of two staves each. The top system starts at measure 1, the middle at measure 4, and the bottom at measure 7. The score includes a harmonic analysis below the staff.

**Harmonic Analysis:**

- (a)** F
- (b)** F/A
- (c)** C/E
- (d)** C7/G
- (e)** I<sup>b</sup>
- (f)** I<sup>6</sup>
- (g)** V<sup>b</sup>
- (h)** V<sup>7</sup><sub>c</sub>
- (i)** V<sup>7</sup><sub>b</sub>
- (j)** E dim/G
- (k)** F
- (l)** C
- (m)** vii<sup>°b</sup>
- (n)** vii<sup>°6</sup>
- (o)** I
- (p)** V
- (q)** V
- (r)** V

**JS Bach (verwerk)**

- 3.1.1 Hierdie koraal moduleer in maat 4. Hoe is die nuwe toonsoort in maat 4 verwant aan die oorspronklike toonsoort van die koraal?

**Antwoord:**

Dominant/V (van F majeur/oor spronklike toonsoort)

*Dominant/V = 1 punt*

(1)

- 3.1.2 Identifiseer die akkoorde van (a)–(f) en besyfer hulle op die partituur. Gebruik besyfering onderaan die partituur OF akkoordsimbole boaan die partituur. Kyk na die voorbeeld in maat 1.

**Antwoord:**

Sien partituur:

*1 punt per akkoord = 6 punte*

*(Minus ½ punt vir elke fout)*

*(Aanduiding van toonsoort is nie verpligtend nie)*

*Nasieners moet óf akkoordsimbole (boaan) óf besyfering (onderaan) nasien; nie 'n mengsel van die twee nie.*

*V7 (of enige omkering) sal aanvaar word.*

*Slegs V = geen punt.*

(6)

- 3.1.3 Benoem die tipe nie-akkoordnote by (i) en (ii).

**Antwoord:**

- (i) (Beklemtoonde) Deurgangsnoot
- (ii) Vooruitneming

*(i) Deurgangsnoot = 1 punt*

*(ii) Vooruitneming = 1 punt*

(2)

- 3.1.4 Benoem die kadens in maat  $6^2$ – $6^3$ .

**Antwoord:**

- Onvolmaak (Onvolmaakte kadens) / Onvoltooid (Onvoltooide kadens)

*Onvoltooid = 1 punt*

*Geen punt as slegs akkoordprogressie gegee is nie*

(1)

[10]

**OF**

- 3.2 Bestudeer die uittreksel uit *You're Breaking My Heart* deur Pat Genaro en Sunny Skylar hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Antwoord:**

### You're Breaking My Heart

Pat Genaro & Sunny Skylar

Voorbeeld: cle: C: C

(a) Dm<sup>7</sup>

(b) F/G or G<sup>9sus4</sup> or G<sup>11</sup>

(i)

(c) A<sup>7</sup>

(ii) F<sup>#</sup>m<sup>7</sup><sub>5</sub> or Am<sup>6</sup> / F<sup>#</sup> or E<sup>9</sup>

(d)

(iii)

(e) G<sup>7</sup>

(f) C

- 3.2.1 Identifiseer die akkoorde van (a)–(f) en besyfer hulle op die partituur. Gebruik akkoordsimbole boaan die partituur. Kyk na die voorbeeld in maat 1.

**Antwoord:**

Sien partituur:

1 punt per akkoord = 6 punte  
(Minus  $\frac{1}{2}$  punt per fout)  
Romeinse besyfering word nie aanvaar nie

(6)

- 3.2.2 Benoem die tipe nie-akkoordnote by (i), (ii) en (iii).

**Antwoord:**

- (i) (Onbeklemtoonde chromatiese) Deurgangsnoot
- (ii) (Beklemtoonde) Deurgangsnoot
- (iii) (Bo-) Hulpnoot/Wisselnoot

(i) Deurgangsnoot = 1 mark  
(ii) Deurgangsnoot = 1 mark  
(iii) Hulpnoot/Wisselnoot = 1 mark  
(Geen  $\frac{1}{2}$  punte)

(3)

3.2.3 Benoem die kadens in maat 8<sup>3</sup>–9.

**Antwoord:**

- Volmaak (Volmaakte kadens) / Voltooid (Voltooide kadens)

**Volmaak/Voltooid = 1 punt**

(1)  
**[10]**

## VRAAG 4

**(30 minute)**

## **Beantwoord VRAAG 4.1 OF VRAAG 4.2.**

- 4.1 Voltooи die vierstemmige vokale harmonisering hieronder deur die alt-, tenoor- en baspartye by te voeg.

## Konseptantwoord:

Korrekteid: s: ✓ ✓ ✓

I      I<sup>6</sup>      IV      V      I<sup>6</sup>      IV      vii<sup>⁹⁶</sup>      I<sup>6</sup>      V

Progressie:

(12 punte vir korrektheid)

I      ✓ V<sup>⁹</sup>      ✓ I<sup>6</sup>      ✓ IV      ✓ ii<sup>⁶</sup>      ✓ ii      ✓ I<sup>⁹</sup>      ✓ ✓ V<sup>⁷</sup>      ✓ I

I      I      V<sup>⁹</sup>      I<sup>6</sup>      iii

(12 punte vir progressie)

*Hoewel ons nie die harmonisering van agstenote aanmoedig nie, is hierdie besyfering aanvaarbaar.*

Die harmonisering sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

BESKRYWING	PUNTEOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNTE
<b>Akkoordprogressie</b> Akkoordkeuse; korrekte gebruik van kadens	1 punt tussen elke paar akkoorde	12
<b>Korrekttheid</b> Notasie, verdubbeling, spasiëring, stemvoering	Minus $\frac{1}{2}$ punt per fout, maar nie meer as 1 punt per akkoord nie = 12 akkoorde van maat $3^2-8^1$	12
<b>Kwaliteit</b> Musikaliteit, nie-akkoordnote, stylbewustheid, kreatiwiteit	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Uitstekend = 14–16 punte</li> <li>• Goed = 11–13 punte</li> <li>• Gemiddeld = 8–10 punte</li> <li>• Swak = 4–7 punte</li> <li>• Onaanvaarbaar = 0–3 punte</li> </ul>	16
	Nota aan nasiener: Punt uit 40 moenie 'n $\frac{1}{2}$ punt bevatten nie	40 (÷ 8 x 3)
<b>TOTAAL</b>		15

*Kandidate moet krediet ontvang vir 'n ander/kreatiewe en korrekte harmonisering wat nie in die memorandum gegee word nie.*

*Die besyfering dien as 'n riglyn vir die nasiener, maar geen punte word vir die gebruik van die simbole toegeken nie.*

[15]

OF

4.2 Voltooи die stuk hieronder deur 'n geskikte baslyn en harmoniese materiaal in die oop notebalke by te voeg. Gaan voort in die styl wat deur die gegewe materiaal in maat 1 en 2 voorgestel word.

## Konsepantwoord:

Melodie

Akkorde

Bas

Korrekttheid: ✓

Progressie: ✓ ✓

3 C/E E<sup>7</sup> Fmaj<sup>7</sup> F<sup>#</sup>dim<sup>7</sup> C/G D<sup>7</sup>

(12 punte vir korrektheid)

6 Dm<sup>7</sup>/G      G<sup>7</sup>      C<sup>6</sup>      Fm<sup>6</sup>      C<sup>7</sup>

(12 punte vir progressie)

Die antwoord sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

BESKRYWING	PUNTEOEKENNING	KANDIDAAT SE PUNTE
<b>Akkoordprogressie</b> Akkoordkeuse; korrekte gebruik van kadens	1 punt tussen elke paar akkoorde	12
<b>Korrektheid</b> Notasie, verdubbeling, spasiëring, stemvoering	Minus $\frac{1}{2}$ punt per fout, maar nie meer as 1 punt per akkoord nie = 12 akkoorde van maat $3^2-8^1$	12
<b>Kwaliteit</b> Musikaliteit, nie-akkoordnote, stylbewustheid, kreatiwiteit	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Uitstekend = 14–16 punte</li> <li>• Goed = 11–13 punte</li> <li>• Gemiddeld = 8–10 punte</li> <li>• Swak = 4–7 punte</li> <li>• Onaanvaarbaar = 0–3 punte</li> </ul>	16
	Nota aan nasiener: Punt uit 40 moenie 'n $\frac{1}{2}$ punt bevatten nie	40 (÷ 8 x 3)
<b>TOTAAL</b>		<b>15</b>

Kandidate moet krediet ontvang vir 'n ander/kreatiewe en korrekte harmonisering wat nie in die memorandum gegee word nie.

Die besyfering dien as 'n riglyn vir die nasiener, maar geen punte word vir die gebruik van die simbole toegeken nie.

[15]

**TOTAAL AFDELING A:** **60**

**AFDELING B, C, D, E: ALGEMENE MUSIEKKENNIS****(90 minute)**

**Beantwoord AFDELING B  
EN AFDELING C (Westerse Kunsmusiek)  
OF AFDELING D (Jazz)  
OF AFDELING E (Inheemse Afrika-musiek).**

Kandidate moet hierdie vrae beantwoord in die ANTWOORDEBOEK wat voorsien is.

*Een punt sal vir elke korrekte feit toegeken word. Kandidate moet krediet ontvang vir enige korrekte antwoord wat nie in hierdie memorandum gegee is nie.*

**AFDELING B: ALGEMEEN (VERPLIGTEND)****VRAAG 5**

- |     |        |   |
|-----|--------|---|
| 5.1 | 5.1.1  | C |
|     | 5.1.2  | A |
|     | 5.1.3  | C |
|     | 5.1.4  | B |
|     | 5.1.5  | D |
|     | 5.1.6  | C |
|     | 5.1.7  | B |
|     | 5.1.8  | A |
|     | 5.1.9  | A |
|     | 5.1.10 | D |

*1 punt per korrekte antwoord = 10 punte*

(10)

5.2.1 **Ostinaat**

- 'n Musiekpatroon wat onophoudelik herhaal word terwyl die ander elemente verander

*Noodsaaklike feit = 1 punt*

- Patroon kan melodies, harmonies of ritmies wees
- Word dikwels in Afrika-musiek en in sommige 20ste-eeuse Westerse kunsmusiek gebruik
- Melodies-harmoniese ostinati word dikwels in Barokmusiek gebruik
- Melodies-ritmiese ostinati word dikwels in 20ste-eeuse musiek gebruik
- Word 'n riff in jazz en populêre musiek genoem
- 'n Musiekpatroon wat meestal in die bas voorkom

*Enige ander feit = 1 punt*

(2)

5.2.2 **Tekstuur**

- Die digtheid van die musiek wat deur die getal gelykluidende musiekparte veroorsaak word

*Noodsaaklike feit = 1 punt*

- Monofonies: enkelmelodielyn
- Homofonies: enkelmelodielyn met begeleiding
- Polifonies: verskeie onafhanklike, oorvleuelende melodielyne

*Enige ander feit = 1 punt*

(2)

**5.2.3 Chordofoon**

- Enige instrument waarvan die klank deur 'n vibrerende snaar produseer word

**Noodsaaklike feit = 1 punt**

- Snare kan gepluk, geslaan of gestryk word
- Verskillende toonhoogtes kan geproduseer word deur die effektiewe lengte of spanning van 'n snaar te verander
- Een voorbeeld

**Enige ander feit = 1 punt**

*Enige korrekte instrument sal as voorbeeld aanvaar word*

(2)

**5.2.4 Poliritme**

- Gelyktydige gebruik van twee of meer ritmiese patronen (of tydmaattekens)

**Noodsaaklike feit = 1 punt**

*Indien beide ritmiese patronen en tydmaattekens genoem word, word die volle 2 punte toegeken*

- Gelyktydige aanwending van 3/4 en 6/8, byvoorbeeld
- Word ook kruisritmes genoem
- Word dikwels in tradisionele Afrika-musiek gebruik

**Enige ander feit = 1 punt**

(2)

*Nota aan nasiener: Sien slegs die eerste twee antwoorde na indien die kandidaat meer as twee terme beskryf het.*

(2 x 2) (4)

**5.3 SAMRO**

- Beskerm werk deur kopiereg
- Hou rekord van openbare uitvoering van 'n komposisie
- Ken lisensies toe vir die gebruik van werke op TV, radio en in ander openbare uitvoerings
- Vorder betalings vir die openbare gebruik van komposisie in
- Administreer en betaal die nodige tantieme vir die gebruik, uitvoering en kopiëring van werke (uitvoerregte, megaliese regte, naaldtydregte)
- Administreer en betaal pensioene uit
- Werk met internasionale organisasie saam vir die betaling van tantieme

**Enige 4 korrekte feite = 4 punte**

(4)

**5.4 BDAC**

**4 x ½ = 2**

*Elke letter se posisie word afsonderlik bepunt*

(2)

**TOTAAL AFDELING B: 20**

**Beantwoord AFDELING C (WKM)**  
**OF AFDELING D (JAZZ)**  
**OF AFDELING E (IAM).**

*Nota aan nasiener: Een punt sal vir elke korrekte feit toegeken word. Kandidate moet krediet ontvang vir enige korrekte antwoord wat nie in hierdie memorandum gegee is nie.*

**AFDELING C: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM)**

**VRAAG 6**

6.1     **Moontlike antwoorde:**

*Le Nozze di Figaro*  
*Don Giovanni*  
*Cosi Fan Tutti*

**Titel van opera = 1 punt**

(1)

- 6.2     (a) Papageno, Bariton  
(b) Sarastro, Bas

**2 punte vir die karakters en 2 punte vir die stemtipes = 4 punte**

(4)

- 6.3     Omdat 'n betowerde/magiese fluit vir Tamino deur sy stryd en beproeing in die opera lei.

(1)

6.4

<b>Opera Buffa</b>	<b>Opera Seria</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Komiese opera</li> <li>• Karaktere is gewoonlik plattelanders of van die werkersklas</li> <li>• Gesproke dialoog en liedere</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dramatiese, ernstige opera of tragiese opera</li> <li>• Karaktere gewoonlik legendaries, helde en booswigte</li> <li>• Geen gesproke dialoog nie</li> </ul>

**Een feit oor opera buffa = 1 punt**

**Een verwante feit oor opera seria = 1 punt**

(2)

6.5

<b>Aria</b>	<b>Resitatief</b>
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Reëlmataige metrum</li> <li>• Terugskouend</li> <li>• Duidelike melodiese kontoer</li> <li>• Handeling kom tot stilstand</li> <li>• Begeleiding voller en aaneenlopend</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Praatagtige metrum</li> <li>• Verhalend</li> <li>• Herhaalde toonhoogtes, beperkte melodiese kontoer</li> <li>• Handeling gaan voort</li> <li>• Begeleiding lichter en onderbroke</li> </ul>

**Een feit oor aria = 1 punt**

**Een verwante feit oor resitatief = 1 punt**

(2)

[10]

**VRAAG 7****7.1 Klassieke elemente**

- Klassieke tonale harmonie
- Hoofsaaklik homofoniese en soms polifoniese teksture
- Klassieke vormtipe (Klassieke Sonate of Allegro-Sonate-vorm)
- Standaard- Klassieke orkes (bv. die vier seksies van die orkes)

<i>Enige 2 elemente = 2 punte</i>
-----------------------------------

(2)

**7.2 Romantiese kenmerke**

- Groter dinamiese omvang (pp-ff)
- Rubato
- Liriese melodieë met 'n unieke melodiese styl
- Beskrywende titel / Programmatiese elemente
- Klankskildering van sekere aspekte van die natuur
- Nuwe genre: Konsert-ouverture

<i>Enige 2 elemente = 2 punte</i>
-----------------------------------

(2)

**7.3 Hebrides (Ouverture)**

<i>Korrekte antwoord = 1 punt</i>
-----------------------------------

(1)

**VRAAG 8**

- 8.1 Brug/Skakelpassasie/skakel  
 8.2 Ontwikkeling  
 8.3 Heruiteensetting/Rekapitulasie/Herhaling (*nie ideale term*)  
 8.4 Tweede tema/onderwerp (Tonika-toonsoort)  
 8.5 Koda

***Elke korrekte antwoord = 1 punt*****[5]****VRAAG 9**

- Strykerseksie: 1ste viole, 2de viole, altviole, tjello's, kontrabasse

***Enige 4 strykinstrumente x ½ punt = 2 punte***

- Houtblaasseksie: (2) fluite, (2) hobo's, (2) klarinette, (2) fagotte

***Enige 2 houtblaasinstrumente x ½ punt = 1 punt***

- Koperblaasseksie: 2 Franse horings en 2 trompette

***2 koperblaasinstrumente x ½ punt = 1 punt***

- Perkussieseeksie: 2 timpani

***timpani = 1 punt*****[5]*****Benoeming van slegs orkesseksie = ½ punt = maksimum 2 punte*****VRAAG 10**

<b>Element</b>	<b>Vierde beweging</b>
Vorm	<ul style="list-style-type: none"> <li>Makrostruktur van simfonie uitgebrei van 4 na 5 bewegings</li> <li>3de en 4de beweging is verbind</li> <li>4<sup>de</sup> beweging gaan gladweg oor in 5de – 'n nuwigheid</li> <li>4de beweging is die klimaks van die drie bewegings</li> <li>4de beweging is in vrye of episodiese vorm – verskillende tonele word uitgebeeld</li> <li>Episodes (Seksies/Frases) word verbind aan</li> <li>Programmatiese inhoud</li> <li>Gebruik verskeie motiewe, bv. reënmotief, donderweer- en weerligmotief, windmotief, ens.</li> <li>Kadense is verdoesel a.g.v. die voortdurende voortgang van materiaal wat die storm in klankskildering uitbeeld</li> </ul>

***Enige 5 feite = 5 punte***

Element	Vierde beweging
Instrumentasie	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Standaardorkes</li> <li>• Piccolo word bygevoeg</li> <li>• Trombone word bygevoeg</li> <li>• Timpani word baie gebruik vir dramatiese effek</li> </ul>

**Enige 2 feite = 2 punte**

Element	Vierde beweging
Stemming/ Atmosfeer	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Titel: <i>Donderstorm/Storm</i></li> <li>• Programmatiese elemente, realistiese voorstelling van storm, bv.: <ul style="list-style-type: none"> <li>◦ Donderweer: Timpani</li> <li>◦ Reëndruppels: Staccato op strykers</li> <li>◦ Weerlig: Arpeggios op strykers</li> <li>◦ Klimaks van storm: Piccolo, ens.</li> </ul> <i>(Tot 'n maksimum van 2 punte)</i> </li> <li>• Onvoorspelbare beweging, vol verrassings</li> <li>• Wye dinamiese omvang wat die progressie van die storm uitbeeld</li> <li>• Tempo: Allegro</li> <li>• F mineur – hooftoonsoort help om die dreigende atmosfeer te vestig</li> <li>• Tonale onstabilitéit beeld die onrustigheid van die storm uit</li> <li>• Verminderde sewende akkoorde word gebruik vir dramatiese effek</li> </ul>

**Enige 5 feite = 5 punte**

Die opstel sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

BESKRYWING	PUNTETOEKENNING	
<b>Vorm</b>	<i>1 punt vir elke korrekte feit</i>	5
<b>Instrumentasie</b>	<i>1 punt vir elke korrekte feit</i>	2
<b>Stemming/Atmosfeer</b>	<i>1 punt vir elke korrekte feit</i>	5
<b>Logiese aanbieding en struktuur</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Uitstekend = 3 punte</li> <li>• Goed = 2 punte</li> <li>• Gemiddeld = 1½ punte</li> <li>• Swak = ½ punt</li> </ul>	3
<b>TOTAAL</b>		15

[15]

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**OF**

**AFDELING D: JAZZ****VRAAG 11**

11.1 Flügelhorn

**Korrekte antwoord = 1 punt**

(1)

- 11.2
- The Dark City Sisters
  - The Flying Jazz Queens

**Korrekte antwoord = 1 punt***Enige ander korrekte antwoord is ook aanvaarbaar*

(1)

- 11.3
- Solo penniefluitjiespel
  - Gematigde tot flink tempo
  - Skiffle-agtige polsslag
  - Jive/Swing-ritmes
  - Die verwewing van verskillende melodiese lyne
  - Melodie wat deur improvisasie ontwikkel word

**1 punt vir elke korrekte antwoord = 3 punte**

(3)

11.4 Harmonie

**Harmonie = 1 punt**

(1)

11.5.1	E	plaaslike jazz ('jazz at home')
11.5.2	C	marabi
11.5.3	D	Cape jazz
11.5.4	B	New jazz
11.5.5	A	die laaste jare
11.5.6	F	jazz in ballingskap ('jazz in exile')

**Elke korrekte antwoord = 1 punt tot 'n maksimum van 4 punte***Nota aan nasiener: Sien slegs die eerste vier antwoorde na indien al die vroe beantwoord is.*

(4)

[10]

**VRAAG 12**

- 12.1     • Toonkleur: instrumentasie en verwerkings in die big band-styl  
 • Melodie: vry en plooibaar  
 • Styl: mbaqanga- en kwêla-styl-invloede; kragtige blues-styl

**1 punt vir elke korrekte feit tot 'n maksimum van 2 = 2 punte**

(2)

- 12.2     • Beweeg weg van die geordende aspek van big band-musiek  
 • Vry geïmproviseerde musiek  
 • Vryheid en plooibaarheid met voordrag  
 • Brotherhood of Breath is 'n mengsel van kragtige blues en gewaagde eksperimentering met unieke Suid-Afrikaanse eienskappe  
 • 'n Kombinasie van kwêla en progressiewe idees en die behoud van 'n sweempie van die Afrika-avant garde klanksoort

**1 punt vir elke korrekte rede tot 'n maksimum van 2 = 2 punte**

(2)

- 12.3     • Duke Ellington/Thelonious Monk/Charles Mingus  
 • Bela Bartok/Schoenberg  
 • Dollar Brand/Cecil Barnard

**Enige korrekte antwoord = 1 punt**

(1)

**[5]**

**VRAAG 13**

- 13.1     • Malombo  
 • Nuwe jazz ('New jazz')

**Korrekte antwoord = 1 punt**

(1)

- 13.2     • Vermeng tradisionele komposisies met kulturele temas  
 • Vermeng die musikale tradisies van die Bapedi en VhaVenda met jazz  
 • Afrika-tromme en -handperkussie wissel af met kitaar- en fluitklanke  
 • Bongo- en malombo-tromme verskaf Afrika-ritmes.  
 • 'n Kombinasie van sang-, dans- en dramatiese elemente  
 • Gebruik die 12-maat-bluesstruktuur  
 • Strelende majeur-akkoorde word af en toe onderbreek deur flink spel en hartstogtelike/passievole sang  
 • Kitaar, baskitaar, Afrika-tromme, fluit

**1 punt vir elke korrekte feit tot 'n maksimum van 4 = 4 punte**

(4)

**[5]**

**VRAAG 14**

14.1 Marabi

**Korrekte antwoord = 1 punt**

(1)

14.2

- Tiekiedraai (Kaapse volksdans)
- Xhosa-volksliedjies
- Vroeë Amerikaanse jazz
- Ragtime en blues
- Geskep deur swart stedelike werkersklasmusikante by partytjies en in smokkelkroeë (sjeweens)
- Gebruik vir sosiale byeenkomste, bv. stokvelpartytjies
- 1920's in Johannesburg

**1 punt vir elke korrekte feit tot 'n maksimum van 4 = 4 punte**

(4)

**[5]****VRAAG 15****Oorsprong – politieke landskap – Sophiatown:**

- Mense verplig om in die stad werk te soek a.g.v. wetgewing wat swart mense se grondbesit beperk het
- Vroeë 1960's in die townships – nuwe stedelike leefstyl vir Suid-Afrika se swart stadsbewoners in Sophiatown
- A.g.v. vereensaming weg van die familie – vermaak en opwinding by nabygeleë sjeweens gesoek
- Sophiatown: het die wettige status van 'n 'vrye' of multikulturele area waar nuwe musiek ontwikkel
- Sophiatown lok die mees avontuurlustige voordraers van die nuwe musiek en word sodoende die teelaarde vir 'n snelgroeende swart musiekkultuur
- Radio gebruik vir die verspreiding van propaganda en 'n bepaalde kultuur word hierdeur afgedwing
- Radio speel slegs Amerikaanse en Westerse musiek
- Swart musikante gedwing om hul eie lirieke te sensor sodat dit op die lug gespeel kan word
- Die musiek is vervaardig om vinnig geld te maak (populêre musiek van die era)

**Enige 5 feite vir 5 punte****Stylkenmerke:**

- Word beïnvloed deur vroeëre style van marabi en kwêla ('n vermenging van marabi en kwêla)
- Die sikliese struktuur van marabi word vermeng met tradisionele dansstyle, bv. die tradisionele Zulu indlamu
- Mbaqanga behou dansstylkenmerke, maar het 'n kragtiger klank en 'n meer kragtige polsslag as kwêla en ander dansgenres
- Die gebruik van Westerse instrumente het daar toe gelei dat mbaqanga ontwikkel tot 'n Suid-Afrikaanse weergawe van jazz
- Die mbaqanga-klank is 'n mengsel tussen Westerse instrumentasie en Suid-Afrikaanse vokale styl

- 'n Tipiese mbaqanga-lied begin met 'n kort, ritmies dubbelsinnige, geïmproviseerde inleiding van 'n solo kitaar
- 'n Viermaat-akkoordsiklus, waarop die hele stuk gebaseer is, word deur die baskitaar en tromstel ondersteun
- Akkoordprogressies: I – IV – I<sup>6/4</sup> – V of I – IV – V – I
- Harmonie in noue ligging is gebaseer op die vroulike vokale styl van die Mahotella Queens
- Herhalende musiektemas
- Roep en antwoord gebruik in vokale passasies sowel as tussen stem en instrument
- Roep en antwoord gebruik tussen die voorsanger en die agtergrondstem(me) ('backing vocalist(s)')
- Die baslyn speel nie net 'n belangrike rol in mbaqanga-liedere t.o.v. die harmoniese raamwerk nie, maar herhaal ook die ritmiese en melodiese idees uit die vokale lyne
- Lirieke: in die taal van die area (verskeie Afrika-tale)
- Instrumentasie: baskitaar, tromme, elektriese kitaar, stem(me)/ensemble, elektroniese orrel, koperblaasinstrumente en saksofoon
- Vokalisasie, bv. krepitasies en ululasies word ingesluit

**Enige 5 feite vir 5 punte**

### Liedjies en kunstenaars

- *Umjomela*: Makgonatsohle Band
- *Bulugwe lami*: Cool Crooners
- *Wamuhle*: Soul Brothers
- *Pata Pata*: Miriam Makeba

**Enige 2 liedere met ooreenstemmende kunstenaars = 2 punte**

Die opstel sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

BESKRYWING	PUNTETOEKENNING	
Oorsprong	1 punt vir elke korrekte feit	5
Stylkenmerke	1 punt vir elke korrekte feit	5
Liedjies en kunstenaars	1 punt vir elke korrekte feit	2
Logiese aanbieding en struktuur	<ul style="list-style-type: none"> <li>Uitstekend = 3 punte</li> <li>Goed = 2 punte</li> <li>Gemiddeld = 1½ punte</li> <li>Swak = ½ punt</li> </ul>	3
<b>TOTAAL</b>		<b>15</b>

[15]

**TOTAAL AFDELING D: 40**

**OF**

**AFDELING E: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM)****VRAAG 16**

- 16.1     •   Ukupika  
       •   Ukuvamba

**1 punt vir elke korrekte styl     = 2 punte**

(2)

- 16.2     •   Ukuvamba – die perkussiewe tokkel ('strum') van akkoorde  
       •   Ukupika – snare word met die vingers gepluk ('picking')  
             ○ In ukupika speel die duim Amadoda (laer snare)  
             ○ Die ander vingers van die regterhand (hoofsaaklik die wysvinger) speel  
             'n melodie op die Amantombazane (boonste snare)

**1 punt vir elke korrekte antwoord     = 2 punte**

(2)

- 16.3   VhaVenda

**Korrekte antwoord     = 1 punt**

(1)

- 16.4   Isicathamiya

**Korrekte antwoord     = 1 punt**

(1)

16.5.1	I	amaSwati
16.5.2	G	vhaVenda
16.5.3	D	amaXhosa
16.5.4	H	Batsonga
16.5.5	F	Basotho
16.5.6	E	amaNdebele
16.5.7	B	Batswana
16.5.8	C	Bapedi
16.5.9	A	amaZulu

**Elke korrekte antwoord = 1 punt tot 'n maksimum van 4 punte**

**Sien slegs die eerste vier antwoorde na indien al die vrae beantwoord is.**

(4)

[10]

**VRAAG 17**

- 17.1     • Het kiba aangepas sodat dit op enige instrument gespeel kan word  
 • Gebruik Bapedi-tromme: kiba, moropa wa diatla en ditinti  
 • Bapedi-taal gebruik in die prysang-lirieke  
 • Vokale tegnieke soos krepitasies en sleepsang ('vocal lilting') gebruik  
 • Poliritme word dikwels gebruik  
 • Tradisionele Sepedi-musiek met 'n moderne polsslag en instrumentasie  
 • Bapedi-dansbewegings gebruik in uitvoerings

*Enige 4 feite = 4 punte*

(4)

- 17.2     • Philip Tabane  
 • Malombo

*Korrekte antwoord = 1 punt*

(1)

**[5]****VRAAG 18****(a) TSHIKONA**

- VhaVenda

**Kenmerke**

- Danslied-styl van die VhaVenda
- Uitgevoer deur beide mans en vroue
- Mans speel fluite en vroue speel tromme
- Die fluite word op verskillende toonhoogtes gestem

**Funksie**

- Voorgedra tydens belangrike byeenkomste, bv. die kroon van 'n nuwe koning of die herdenking van die dood van 'n koning
- Elke hoofman het sy eie Tshikona-musiekgroep wat hom vergesel as hy ander dorpies besoek
- Die Tshikona-musiekgroeppe van verskillende dorpies kompeteer dikwels teen mekaar

**Instrumentasie**

- Mbila mutondo – 21-noot-xilofoon
- Mbila dzamadeza – 27-noot-lamellofoon
- Ngoma – groot houtpentrom
- Stemme

*Punte sal soos volg toegeken word:*

- Kenmerke = 2 punte
  - Funksie = 2 punte
  - Instrumentasie = 1 punt
- TOTAAL** = 5 punte

**[5]****OF**

**(b) BORANKANA**

- Batswana (BaKwena)

**Kenmerke**

- Danslied-styl van die Batswana/BaKwena
- Uitgevoer deur beide jong en ouer mans
- Vroue en meisies sing en speel die rol van sangers en voer lyfperkussie uit
- Gebruik die Setlhako- en Sephuma-ritmes

**Funksie**

- Gebruik vir vermaak
- Uitgevoer tydens stamaktiwiteite
- Tradisionele seremonies

**Instrumentasie**

- Handeklap
- Stemme

*Punte sal soos volg toegeken word:*

- Kenmerke = 2 punte
  - Funksie = 2 punte
  - Instrumentasie = 1 punt
- TOTAAL** = 5 punte

[5]

**OF**

**(c) MUCHONGOLO**

- Batsonga

**Kenmerke**

- Danslied-styl deur die Batsonga beoefen
- Uitgevoer deur mans (krygsmanne)
- Energieke uitbarstings van beweging
- Voete word hoog opgelig en hard neergestamp
- Tromme word poliritmies gespeel

**Funksie**

- Oorlogvermaak
- Voorbereiding vir 'n veldtog
- Paraatheid van krygsmanne

**Instrumentasie**

- Xigubu (dubbelkoptrom)
- Ncomone (soort tamboeryn)
- Xitiringo (dwarsfluit met drie gate)
- Xitende (groot gekoppelde boog met kalbasresonator)
- Mohambi (tiennoot-xilofoon)
- Stemme

*Punte sal soos volg toegeken word:*

- |                  |                  |
|------------------|------------------|
| • Kenmerke       | = 2 punte        |
| • Funksie        | = 2 punte        |
| • Instrumentasie | = 1 punt         |
| <b>TOTAAL</b>    | <b>= 5 punte</b> |

[5]

**(d) MOHOBELO**

- Basotho

**Kenmerke**

- Danslied-styl deur die Basotho beoefen
- Uitgevoer deur mans
- Drie hoofbewegings vind plaas:
  - Bohobela (hoë skoppe)
  - Molapo (spronge en draaie)
  - Phethola letsoho (handbewegings)

**Funksie**

- Tradisionele seremonie
- Gebruik vir spesiale geleenthede:
  - Inswering van 'n nuwe hoofman
  - Om die hoofman te eer
  - Om vermaak te verskaf tydens die hoofman se seremoniële procedures

**Instrumentasie**

- Tromme
- Handeklap
- Stemme

*Punte sal soos volg toegeken word:*

- |                  |                  |
|------------------|------------------|
| • Kenmerke       | = 2 punte        |
| • Funksie        | = 2 punte        |
| • Instrumentasie | = 1 punt         |
| <b>TOTAAL</b>    | <b>= 5 punte</b> |

[5]

(e) **ISITSHIKIZA**

- Ndebele

**Kenmerke**

- Seremoniële danslied-styl deur die Ndebele beoefen
- Uitgevoer deur beide mans en vroue (meestal mans)
- Vroue lig nie hul voete bokant die knieë nie

**Funksie**

- Uitgevoer tydens tradisionele seremonies
  - Om die koning te vereer
  - Om die koning te vermaak
  - Krygsmanne beeld oorlogsverhale uit

**Instrumentasie**

- Handeklap
- Stemme

*Punte sal soos volg toegeken word:*

- |                  |                  |
|------------------|------------------|
| • Kenmerke       | = 2 punte        |
| • Funksie        | = 2 punte        |
| • Instrumentasie | = 1 punt         |
| <b>TOTAAL</b>    | <b>= 5 punte</b> |

[5]

**VRAAG 19****Tromspel**

- Is afgelei van spraakritme en daarom verbeter dit die kommunikasie binne 'n gemeenskap
- Lei die dans
- Ritmes boots gesproke teks na en versterk kultuurbande
- Fokus op samewerking eerder as individuele uitvoering
- Nooi voorvaders om deel te vorm van die ritueel/seremonie

**Dansbewegings**

- Het nieverbale betekenis wat kommunikasie verbeter
- Gee 'n gemeenskap 'n sin vir samesyn en solidariteit
- Spontaneïteit van uitvoering skep die indruk van onmiddellike, oombliklike skepping van 'n dans
- Is die behoud van die gemeenskap en snoer die gehoor en voordraer tot 'n eenheid saam

*1 punt per korrekte feit**= 5 punte**Tromspel 3 punte + Dans 2 punte OF**Tromspel 2 punte en Dans 3 punte***[5]****VRAAG 20****Oorsprong – politieke landskap – Sophiatown:**

- Mense verplig om in die stad werk te soek a.g.v. die Swart Grond Wet, 1913 (Wet 27 van 1913)
- Vroeë 1960's in die townships – nuwe stedelike leefstyl vir Suid-Afrika se swart stadsbewoners in Sophiatown
- A.g.v. vereensaming weg van die familie – vermaak en opwinding by nabygeleë sjeweens gesoek
- Sophiatown: het die wettige status van 'n 'vrye' of multikulturele area waar nuwe musiek ontwikkel
- Sophiatown lok die mees avontuurlustige voordraers van die nuwe musiek en word sodoende die teelaarde vir 'n snelgroeiente swart musiekcultuur
- Radio gebruik vir die verspreiding van propaganda en 'n bepaalde kultuur word hierdeur afgedwing
- Radio speel slegs Amerikaanse en Westerse musiek
- Swart musikante gedwing om hul eie lirieke te sensor sodat dit op die lug gespeel kan word
- Die musiek is vervaardig om vinnig geld te maak (populêre musiek van die era)

*Enige 5 feite vir 5 punte*

**Stylkenmerke:**

- Word beïnvloed deur vroeëre style van marabi en kwêla ('n vermenging van marabi en kwêla)
- Die sikliese struktuur van marabi word vermeng met tradisionele dansstyle, bv. die tradisionele Zulu indlamu
- Mbaqanga behou dansstylkenmerke, maar het 'n kragtiger klank en 'n meer kragtige polsslag as kwêla en ander dansgenres
- Die gebruik van Westerse instrumente het daartoe geleid dat mbaqanga ontwikkel tot 'n Suid-Afrikaanse weergawe van jazz
- Die mbaqanga-klank is 'n mengsel tussen Westerse instrumentasie en Suid-Afrikaanse vokale styl
- 'n Tipiese mbaqanga-lied begin met 'n kort, ritmies dubbelsinnige, geïmproviseerde inleiding van 'n solo kitaar
- 'n Viermaat-akkoordsiklus, waarop die hele stuk gebaseer is, word deur die baskitaar en tromstel ondersteun
- Akkoordprogressies: I – IV – I<sup>6</sup>/4 – V of I – IV – V – I
- Harmonie in noue ligging is gebaseer op die vroulike vokale styl van die Mahotella Queens
- Herhalende musiektemas
- Roep en antwoord gebruik in vokale passasies sowel as tussen stem en instrument
- Roep en antwoord gebruik tussen die voorsanger en die agtergrondstem(me) ('backing vocalist(s)')
- Die baslyn speel nie net 'n belangrike rol in mbaqanga-liedere t.o.v. die harmoniese raamwerk nie, maar herhaal ook die ritmiese en melodiese idees uit die vokale lyne
- Lirieke: in die taal van die area (verskeie Afrika-tale)
- Instrumentasie: baskitaar, tromme, elektriese kitaar, stem(me)/ensemble, elektroniese orrel, koperblaasinstrumente en saksofoon
- Vokalisasie, bv. krepitasies en ululasies word ingesluit

**Enige 5 feite vir 5 punte****Liedjies en kunstenaars**

- Umjomela*: Makgonatshole Band
- Bulugwe lami*: Cool Crooners
- Wamuhle*: Soul Brothers
- Pata Pata*: Miriam Makeba

**Enige 2 liedere met ooreenstemmende kunstenaars = 2 punte**

Die opstel sal volgens die volgende kriteria nagesien word:

BESKRYWING	PUNTETOEKENNING	
<b>Oorsprong</b>	<i>1 punt vir elke korrekte feit</i>	5
<b>Stylkenmerke</b>	<i>1 punt vir elke korrekte feit</i>	5
<b>Liedjies en kunstenaars</b>	<i>1 punt vir elke korrekte feit</i>	2
<b>Logiese aanbieding en struktuur</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li><i>Uitstekend</i> = 3 punte</li> <li><i>Goed</i> = 2 punte</li> <li><i>Gemiddeld</i> = 1½ punte</li> <li><i>Swak</i> = ½ punt</li> </ul>	3
<b>TOTAAL</b>		15

[15]

**TOTAAL AFDELING E: 40**  
**GROOTTOTAAL: 120**